*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (32/22)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 12 Augustus 2022*

***"Despite all our accomplishments, we owe our existence to a six-inch layer of topsoil and the fact it rains." Paul Harvey***

## NUUTSTE OOR EUROPESE UNIE DEBAKEL

Die CGA skakel daagliks met DALRRD om te verseker dat die houers wat tans nie by EU-hawens deurgelaat word nie, op 'n dringende basis deurgelaat word. Die Departement het hom daartoe verbind om nuwe fitosanitêre sertifikate uit te reik, wat hopelik daartoe sal lei dat die meerderheid van hierdie houers binne die volgende paar dae vrygestel sal word.

Ons aanvanklike beramings het aangedui dat 1350 houers ("floating consignments") deur die implementering van die nuwe EU VKM-regulasies geraak sal word. Ons jongste verslae sal aandui dat van hierdie hoeveelheid, vir 820 houers nuwe fitos uitgereik sal word. DALRRD, by monde van hul woordvoerder, Reggie Ngcobo, skat dat hiervan slegs 300 houers hul vervangingsfitos ontvang het. Dit sal hopelik op korttermyn verligting aan plaaslike produsente bied.

Dit los egter nie die massiewe voortdurende bedreiging vir die sitrusbedryf op nie, wat die langtermyn implementering van die ongeregverdigde, onpraktiese en diskriminerende EU VKM-regulasie op Suid-Afrikaanse lemoene is, wat vorentoe onmoontlik vir die plaaslike bedryf gaan wees om te implimenteer.

Tot op datum het die huidige dooiepunt plaaslike sitrusprodusente meer as R200 miljoen se verliese gekos. Die CGA kan ook bevestig dat produsente meer as waarskynlik ook die helfte van hul verwagte opbrengste, op enige vrugte wat vrygestel word, sal ontvang, weens die feit dat die meeste houers al 'n paar weke staan, en dus hul programme weens 'n laat aankoms, gemis het.

## PAPIER SE PRYS STYG: DIE HOUE KOM STEEDS

Die advies aan klante dat SAPPI houerbord produkte met tussen 20% en 22% sal verhoog, kom as 'n slag vir produsente wat reeds onder die impak van verhoogde vragtariewe, verhoogde insetkoste en die EU-debakel steier. Daar word dikwels gesê dat die produk betaal – maar wat gebeur wanneer die produk nie kan betaal nie? Al langs die voorsieningsketting is insetverskaffers en diensverskaffers prysnemers – hulle skat hul koste en voeg dan hul vereiste marge by wat dan aan die kliënt voorgelê word om te betaal. Met alle kostes in die ketting wat teen dubbel syferbedrae toeneem – word die aankondiging deur SAPPI as opportunisties beskou; meeste landbousektore het aangedui dat hulle eenvoudig nie so 'n prysverhoging kan bekostig nie. Wanneer die produk nie kan betaal nie, maak die eienaars van die produk 'n plan – as hulle kan, grawe hulle in reserwes, as hulle kan, maak hulle meer skuld; en as hulle nie kan nie, gaan hulle uit produksie. Dit is tyd dat diegene langs die voorsieningsketting hul siening oor opbrengste in 2022 en daarna heroorweeg; anders het hulle dalk nie kliënte in die jare wat kom nie. Sitrusuitvoerders is nou in oorlewingsmodus – insetverskaffers en diensverskaffers behoort hulle in hierdie oorlewing by te staan – op dié manier sal hulle hul eie volhoubaarheid verseker.

SAPPI was 'n wonderlike vennoot vir die sitrusbedryf – as 'n hoofborg van die Sitrus Simposium, en in die toetsing van kartonne het SAPPI hul verbintenis en ondersteuning aan die sitrusbedryf gedefinieer – dit is nou die tyd om potlode skerp te maak en te verseker dat die sitrusbedryf van krag tot krag voortgaan.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Einde van Week 31<br>Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2020 | 2021 | 2022 | 2021 | 2022 | 2022 | 2022 | 2021 |
| Pomelo's PP (17kg) | | 2.5 m | 2.5 m | 2.0 m | 2.0 m | | | |
| Pomelo's Klas 1&2 (17kg) | | 12.0 m | 11.2 m | 11.5 m | 9.8 m | | | |
| Pomelo's | 15.1 m | 16.4 m | 15.5 m | 15.4 m | 13.4 m | 16.8 m | 15.4 m | 17.5 m |
| Mandaryne | 18.7 m | 22.9 m | 23.9 m | 17.6 m | 21.7 m | 34.5 m | 34.1 m | 30.9 m |
| Suurlemoene | 24.9 m | 26.7 m | 31.1 m | 23.5 m | 28.9 m | 32.3 m | 32.4 m | 31.0 m |
| Nawels | 22.4 m | 23.4 m | 22.5 m | 18.6 m | 20.7 m | 28.7 m | 26.9 m | 27.2 m |
| Valencias | 21.7 m | 21.2 m | 20.4 m | 11.5 m | 14.1 m | 58.2 m | 56.2 m | 55.0 m |
| **Totaal** | **102.8 m** | **110.5 m** | **113.4 m** | **86.6 m** | **98.8 m** | **170.5 m** | **165.0 m** | **161.6 m** |

*THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE SOUTHERN AFRICAN CITRUS GROWERS'*